

Ons het 'n belofte en verbintenis geërf

Nico Koopman*

Suid-Afrikaners vier elke jaar op 24 September Erfenisdag. Wanneer ons ons kultuur en verskeidenheid oortuigings, tradisies, tale en gelowe vier, moet ons ook erken dat ons 'n gemeenskaplike belofte en kollektiewe verbintenis van ons voorouers geërf het om saam te werk en te transformeer om 'n land van waardigheid vir almal, genesing vir almal, geregtigheid vir almal, vryheid vir almal en gelykheid vir almal te skep.

Gedurende die onderhandelings vir 'n nuwe Suid-Afrika is 'n kompromis bereik. In Latyn beteken kompromis letterlik om saam (*com*) te belowe en versekering te gee (*promittere*). Die belofte is 'n onderlinge belofte (*compromissum*). Op daardie tydstip kon ons nie op die eerste prys – 'n nuwe samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid – aanspraak maak nie, maar het eerder 'n kompromis en verbintenis bereik om saam te werk en te transformeer om hierdie doel te bereik. Die eerste prys is uiteindelik in die tussentydse Grondwet van 1993 vervat, en uiteindelik in die Grondwet van 1996 opgeneem.

Die einde van ons gemeenskaplike transformasie is onvervreembare waardigheid, die genesing van talle politieke, sosio-ekonomiese en sielkundige wonde; die bereiking van verdelende, prosessuele, vergeldende en genesende geregtigheid; vryheid van onderdrukking en vryheid om al ons Godgegewe vermoëns en moontlikhede te verwerklik; en gelykheid vir almal.

Dit voldoende om te sê dat om saam beloftes te hou, nie maklik is nie. Om saam op 'n transformasie te vertrek in 'n land met soveel historiese verdelings en vyandigheid, hou spesiale uitdagings in. Om onself en ons instellings saam te transformeer, vra dat ons die verskillende gesigte van gekompliseerdheid in ons samelewing erken en opbouend hanteer. As ons dit kan regkry, sal ons kan vorder op ons transformasie en die belofte kan gestand doen wat ons geërf het van diegene wat voor ons voorgegaan het.

Ons moet ook die *pluraliteit* van perspektiewe, menings, prioriteite, emosies, verwagtings en belangstellings van die verskillende reisigers op ons transformasiepad erken. Hierdie aspekte is dikwels teenstellend, en mag ongevergelykbaar en onversoenlik lyk, aangesien ons medereisigers uiteenlopende agtergronde, verskillende wêreldsienings en betekenisgewende raamwerke het.

Nog 'n aangesig van ingewikkeldheid is die *dubbelsinnigheid*, die veelvoudige betekenis van woorde soos transformasie, geregtigheid, versoening, saam terugkyk, en om vorentoe te beweeg. Hierdie woorde het verskillende, selfs teenstrydige betekenis vir verskillende groepe Suid-Afrikaners. Hulle lok teenstellende emosies uit. Sommige juig oor die geregtigheidsgesprek, terwyl ander daardeur bedreig voel. Sommige wil versoening beklemtoon, terwyl ander voel dit versaaak regverdigheid.

Op ons gesamentlike transformasie reis moet ons ook aandag gee aan die ingewikkeldheid van *ambivalensie* (of teenstrydigheid). Ons moet erken dat ambivalensie 'n hindernis vir alle menslike pogings is, dat ons verhinder word deur die werklikheid dat ons aan die een kant vorder en sukses behaal, en, aan die ander kant, stagneer en selfs agteruitgaan. Dit sal ons help om op ons reis te vorder deur na goed op so 'n genuanseerde manier te kyk.

Dualiteit (of tweeledigheid en nie digotomie of gesplitsheid nie) is nog 'n vorm van kompleksiteit wat ons in ag moet neem wanneer ons saam beloftes maak en in die rigting beweeg van transformasiedoelwitte en die eerste prys waarop ons ooreengekom het by die geboorte van ons demokrasie.

Nog 'n aspek van ingewikkeldheid of kompleksiteit is *paradoksaliteit* – dit is die gedagte van skynbare, maar nie werklike teenstrydighede nie.

Ons sal ons op ons transformasiereis soms ook in doodloopstrate bevind waar geen ander alternatief moontlik lyk nie. Dit is wanneer ons die logika *dat daar geen ander alternatief is nie*, moet verwerp en moet ja sê vir die logika dat *daar nuwe en verbeeldingryke alternatiewe is*.

Om te reis en beloftes te hou, vra ook van ons om hibriditeit te omarm – nie net as nog 'n dimensie van kompleksiteit nie, maar ook as iets wat deel uitmaak van ons erfenis. Hibriditeit beteken dat ons met mekaar meng. Hierdie meng is egter nie 'n gemengel wat die spesifieke identiteite van mense laat verdwyn nie. Hibriditeit beteken dat mense van uiteenlopende agtergronde doelbewustelik geleenthede skep om met mekaar om te gaan en van mekaar te leer sodat die gemeenskaplike intensionaliteit geleenthede skep om met mekaar te skakel en van mekaar te leer sodat gemeenskaplike verryking kan plaasvind; dat ons ons onderskeie identiteite behou en terselfdertyd maksimalistiese identiteite kan ontwikkel wat ons identiteit te bowe gaan.

Ons moet op Erfenisdag, en ook daarna, poog om kompleksiteit op ons transformasiereis te bestuur, aangesien dit ons sal help om ons gemeenskaplike beloftes gestand te doen om 'n samelewing van waardigheid, genesing, geregtigheid, vryheid en gelykheid vir almal te skep. Dit moet die erfenis wees wat ons aan toekomstige geslagte oordra.

- Klik [hier](#) om die res van die artikel soos geplaas te lees.

***Prof Nico Koopman is die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel by die Universiteit Stellenbosch.**